# DIENSNUUS

ONS GEE GOD SE HOOP EN LIEFDE AAN

<u>**Sondag 24/11**</u>

**09:30 Erediens / Kategese**

Deuroffer: Chrisma Badenhorst Fonds

Diensbeurt: Krige

**Kerssangdiens met Coenie de Villiers by Caledon Moedergemeente**

**19:00**

10:00 Erediens by Jongensklip gelei deur Ds.Werner van den Heever

<u>**Sondag 1/12**</u>

**WêRELDVIGSDAG**

**DANKOFFERSONDAG**

**09:30 Erediens/ Kategese aflsuiting**

Deuroffer: Barmhartigheid

Diensbeurt: Meulstraat

**Eerste Adventsondag**









2024 se einde is in sig

Hierdie jaar kom nou ook na `n einde se kant.  Die kinders se eksamens begin al klaar maak.  Mens begin by hulle iets hoor van "nog net so een of twee vakke oor, dan is ek rustig…"

Die oes se einde is ook in sig… ek hoor ook al hier en daar "Nog so week of twee, dan is my graan in die silo`s…"  Baie gesprekke begin in die tyd van die jaar met "dis amper vakansie…"

Wat nou by my opgekom het is VOLHARDING.  Dit vra dat ons enduit ons beste sal doen.  Ons kan nie voortydig ophou nie.  Ons kan nie ons arms slap laat hang nie.  Ons moet vasbyt tot die einde.

Ek lees `n gedeelte wat Nina Smit eenkeer vertel het van `n slak.  Die slak het begin om teen `n appelboom op te seil.  Dit was `n koue wintersoggend.  Die einde van die seisoen was in sig.  Met die dat hy teen die boom opseil kom `n wurmpie uit `n gaatjie in die bas.  Die wurmpie sê vir die slak: "Jy mors jou tyd, daar is nie meer appels aan die boom nie."  Die slak het voort geseil en terug geantwoord. "Teen die tyd dat ek daar kom sal daar weer appels wees."

Volharding beteken dat mens enduit sal aanhou al is omstandighede moeilik, al is mens nou moeg en gedaan.  Volharding beteken dat jy sal op kyk na die berge en vra dat God jou sal help.  Paulus het ons mos geleer dat ons juis sterk is wanneer ons swak is, want dan is God se krag dit wat ons deur dra.  Dan kom Sy krag tot sy reg en ons kan Hom verheerlik vir die hulp en genade wat Hy ons skenk.

Mag julle in die pylvak van 2024 die beste tye beleef.

Groete uit Trinity 16



Preek notas Jes.51:1-6

Hou moed, daar is hoop.

Ons almal kort nou en dan bemoediging en aanmoediging
Wanneer in jou lewe sal jy ook meer bemoediging kort? Is jy dalk nou in `n plek waar jy kan bemoedig of aanmoedig?

Jesus self het gesê dat ons dit nie maklik sal hê in die wêreld nie.
Die lewe is soms soos om `n hoë berg te klim. Dit help nie jy jaag dit af nie. Jy moet tree vir tree voort gaan. As jy te vinnig loop omdat jy dink jy is sterk raak jy uit asem en kan jy nie voort gaan nie. Maar as jy te stadig loop voel dit of jy nie vorder nie en wil jy dalk opgee. Jesus sê Hy het die "hoë berge reeds plat geloop".

Israel was vir `n lang tyd in `n moeilike plek: Sal daar ooit redding kom?
Onthou dat God Israel vir 70 jaar in ballingskap ingestuur het. In die hoofstuk wat ons vandag lees is die tyd amper verby. Nuwe hoop is in sig. Die uitkoms is naby. Daar is bevryding op pad.
Voel jy ook uitkoms is nou in jou lewe nodig? Voel jy ook of daar nuwe hoop in sig is? Waar lê jou troos?

God sê vir Sy kinders: Dink waarvandaan jy kom. Ek het jou geroep. Ek het jou gevorm.
Abraham se geskiedenis speel `n groot rol in Israel se identiteit. Hul identiteit maak dat hulle nie verlore kan gaan nie. Hulle behoort aan God. Jy ook!

God sê ook: Hoop is baie meer as net vir môre. Dis ewig.



# Ons geliefdes bly oorsee

LAAT WEET ONS ASB AS JULLE GELIEFDES HET WAT IN ANDER LANDE WOON!

**Tydens Sondag 8 Desember se erediens, wil ons graag almal wat kinders, kleinkinders, familielede of geliefdes in ander lande het, uitnooi om saam met hulle ons kerkgeleentheid by te woon.**

**Hulle sal dan inskakel via ons regstreekse YouTube-uitsending en hulle ouers of familielede voor in die kerk kan sien en groet in 'n eredienservaring.**

**Laat weet ons as julle geliefdes het wat in 'n ander land woon, wat hulle name is en stuur 'n foto van hulle na die kerkkantoor toe.**



# Voorbidding

- Barendes Groenewald (Sentrale)



**Beursaansoek vorms by kerkkantoor beskikbaar.**



## Baie geluk!

## Geniet julle dag

| Naam | Van | Verjaardag | Selfoon |
|---|---|---|---|
| Lica | Engelke | 11/22 | |
| Marice | Van der Westhuizen | 11/22 | 27824990199 |
| Anja | De Kock | 11/23 | 27828752459 |
| Dirk | Fourie | 11/23 | |
| Lian | Wessels | 11/23 | |
| Smiley | De Beer | 11/24 | |
| Odette | Eksteen | 11/24 | |
| Carlo | Kriel | 11/24 | |
| Junita | Kriel | 11/24 | 27837235532 |
| Barbara | Beukes | 11/25 | 27727866425 |
| Peter | Delport | 11/25 | 27829444504 |
| Elanza | De Wet | 11/26 | 27728238890 |
| Nolene | Du Toit | 11/26 | 27832615279 |
| Lötter | Ollewagen | 11/26 | 27833303176 |
| Marius | Snyman | 11/26 | 27833102330 |
| Baat | Swart | 11/27 | 27820469563 |
| Pietersarel | De Bruyn | 11/28 | 27823385550 |
| Robert | Loftie-Eaton | 11/28 | 27835340130 |
| Luke | Robertson | 11/29 | |
| Pj | Smal | 11/30 | |
| Hans | Fourie | 12/01 | 27724428519 |
| David | Van Vlaan-deren | 12/01 | 27844747773 |






# TYDLYN KWARTAAL 4

- **28 OKT-2 NOV** — Ker[illegible]ark
- **NOV** — Sterkte met die oestyd!
- **10 NOV** — Be[illegible]is -a[illegible]egg[illegible]g
- **24 NOV** — Gesmentlike Kerssangdiens by Caledon Moedergemente met Coenie de villiers
- **1 DES** — Kategese afsluiting
- **4 DES** — Carrols by candlelight
- **25 DES** — Kersfees diens 09:00
- **31 DES** — Nuwejaars-diens 00:00 2025

# So hou ons kontak!

**Kerkkantoor: 028 212 1202**
**ngkcaledon@twk.co.za**

**Kantoor Whatsapp-nommer:**
**072 807 3192**

**Ds. Dewald du Toit:**
**028 212 1332 |082 940 4901**
**dutoitdewald@yahoo.com**

**Ds. Willem Lubbe:**
**082 718 7298**
**willemlubbe@hotmail.com**

**Webblad: ngcaledon.co.za**

**Facebook: NG Kerk Caledon Moedergemeente**

**Bankbesonderhede: N.G. Kerk Caledon,**
**NEDBANK Tjekrek: 1835 010 229**
**Takkode: 183509**



Snap here to pay
SnapScan

**Kerkkantoor is oop vanaf :**

**Maandag-Donderdag**
**7:00AM-1:00PM-**
**2:00pM-3:30PM**

**Vrydae 7:00AM-1:00PM**